higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR-VLAK 3

(8011003)

6 Desember 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

582Q1N2306

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

regerings-; gesag; wet; uitvoerende; stabiliteit; ondersteuning; vertikaal; misbruik; privaat; geld

1.1 Binne (a) … liggame is daar 'n horisontale verhouding tussen die verskillende (b) … departemente wat op dieselfde hiërargiese vlak is. (2)

1.2 'n Regering is slegs in staat om te funksioneer as dit genoeg (a) …, openbare (b) … en stabiliteit het om (c) … en orde te kan handhaaf. (3)
[5]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar of Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Gee 'n rede vir 'n ONWAAR antwoord.

LET WEL: As jy direk van die vraestel afskryf, sal dit nie as 'n motivering vir die antwoord beskou word nie.

2.1 Die president kan op grond van ernstige wangedrag verwyder word.

2.2 Die wetgewer is 'n liggaam wat wette implementeer.

2.3 'n Nasionale staatsbesigheid is 'n entiteit wat finansiële en operasionele gesag toegeken het om besigheidsaktiwiteite uit te voer.

2.4 Die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudinge 13 van 2005 is gepubliseer om wetgewing te maak en interregeringsverhoudinge te fasiliteer soos deur die Grondwet vereis word.

2.5 Transnet is slegs 'n pyplynmaatskappy.

2.6 Die Kommissie vir Tradisionele Leierskapgeskille en -eise is verantwoordelik vir die herstel van die waardigheid van tradisionele leiers en hul gemeenskappe.

2.7 Hoofmanskap word nie as tradisionele leierskap beskou nie.

2.8 Regeringsklusters is groepe staatsdepartemente wat aan 'n projek werk wat binne 'n enkele departement bedryf word.

Kopiereg voorbehou

2.9 Alle ministers is individueel aanspreeklik teenoor slegs die president vir die administrasie van die portefeulje wat aan hulle toevertrou is.

2.10 Ambulansdienste word beskou as 'n openbare diens waaroor provinsies eksklusiewe jurisdiksie het.

[15]

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Staatsamptenare	A	grondwetlike instellings
3.2	Nasionale byeenkoms	B	mense in diens van die regering wat in verskeie departemente en instellings werk
3.3	Skakeling		
3.4	Misdaadvoorkomingsvennootskap	C	ondersteun die munisipaliteite deur gemeenskapsbehoeftes te identifiseer
3.5	Ongerehabiliteerde insolvent		
3.6	Portefeulje	D	maatskaplike misdaadvoorkoming
3.7	Bylae 1 Openbare Entiteit	E	'n persoon wat nie in staat is om sy of haar skuld na te kom nie en slegs beperkte kontraktuele kapasiteit het nadat hy/sy deur 'n hof insolvent verklaar is
3.8	Bylae 2 Openbare Entiteit		
3.9	Regent		
3.10	Tradisionele raad	F	verkies op grond van partylys-proporsionele verteenwoordiging
		G	tydelike tradisionele leier
		H	posisie en pligte van staatsminister
		I	kommunikasie en samewerking tussen eenhede van 'n organisasie of mense.
		J	groot openbare entiteite
		K	verskillende dele van die regering
		L	werk op die manier wat dit bedoel was

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1	Wat is die DRIE hooffokusse van klusters?	(3)
4.2	Suid-Afrika is tans in 257 munisipaliteite afgebaken en hulle kan in drie kategorieë gegroepeer word. Noem hierdie kategorieë en die nommers vir elkeen.	(3)
4.3	Wat is 'n Kategorie B-munisipaliteit?	(1)
4.4	Noem DRIE aktiwiteite waarby die SAPD betrokke is as deel van maatskaplike misdaadvoorkoming.	(3)
		[10]

VRAAG 5

5.1	Wie is die nasionale uitvoerende gesag?	(3)
5.2	Beskryf kortliks die prosedure wat gevolg moet word indien meer as een kandidaat vir president genomineer word.	(3)
5.3	Wat is die bevoegdhede en funksies van 'n provinsiale wetgewer?	(4)
		[10]
	TOTAAL AFDELING B:	**20**

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

GAUTENGSE POLISIE, SAKELEIERS SPAN KRAGTE OM MISDAAD TE BEVEG

IOL, mediajoernalis: J Moromo, Januarie 2021

Pretoria – Gauteng se polisie sluit aan by Business Against Crime South Africa (BACSA) om kundigheid, inligting, prosesse en tegnologie binne die sakegemeenskap te benut om misdaadbekampingsinisiatiewe te verbeter.

Die Gautengse polisiekommissaris, luitenant-generaal Elias Mawela het 'n vergadering met BACSA gehou om die vordering te bepaal ten opsigte van die stigting van 'n moderne geïntegreerde bevelsentrum wat ‘n gesamentlike poging tussen die organisasies sal koördineer, het die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se provinsiale woordvoerder, brigadier. Mathapelo Peters gesê.

Die SAPD, BACSA en die private sekuriteitsbedryf is om hierdie rede betrokke by die Eyes and Ears Initiative, 'n misdaadbekampingsprojek wat 'n vaartbelynde model vir die deel van inligting voorgestel het, het sy gesê.

Deur die inisiatief vergroot die private sekuriteitsbedryf die SAPD se situasiebewustheid en sy geografiese voetspoor, wat die reaksie op misdaadbrandpunte sowel as geweldsmisdaad verbeter. Mawela het beklemtoon hoe belangrik dit is om 'n omvattende risikoprofiel van die projek te skep om te verseker dat geïdentifiseerde struikelblokke wat voorheen die projek in die wiele gery het, uit die weg geruim word. Tydens die vergadering het Mawela BACSA geloof vir sy konstruktiewe kritiek op die polisie se misdaadbekamping.

“Die eerlikheid en openheid van hierdie verbintenis is wat ons nodig het om ons op ons tone te hou. Ons as wetstoepassers kan nie bekostig om selfvoldaan te wees nie. Ons sal hard moet werk om te verbeter op daardie areas wat uitgewys is,” het Mawela gesê.

BACSA se nasionale projekbestuurder, Fouché Burgers, het aanbeveel dat die omvang van die onderneming uitgebrei word om kapasiteitsbou na 'n sekuriteitsbewuste polisiediens en burgery in te sluit.

https://www.iol.co.za/pretoria-news/news/gauteng-polisie-besigheidsleiers-join-forces-to-counter-crime-26385648-a3ec-4cb0-99bb-4354c43e525a

6.1 Watter tipe vennootskap het BACSA met die regering deur die SAPD? (1)


6.2 Noem EEN ander metode wat ook as vennootskap beskou kan word, soos in VRAAG 6.1 uitgewys. (1)

6.3 Bespreek kortliks Business Against Crime, en gee EEN voorbeeld van 'n inisiatief of moontlike inisiatief van hierdie organisasie. (2 + 1) (3)

Kopiereg voorbehou

6.4 Voltooi die diagram hier onder deur die ruimtes in te vul. Skryf jou antwoord langs die vraagnommer (6.4.1–6.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

(10 × 1) (10)



[15]

VRAAG 7

Lees die volgende gevallestudies aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

7.1

Die Stad Kaapstad maak gereed om die nasionale regering die stryd aan te sê oor die afwenteling van die passasierspoordiens in die metro. Burgemeester Gordin Hill-Lewis het gesê die stad lig sy prokureurs in dié verband in. Kaapstad het aangedring om die bestuur van die spoordienste oor te neem en het president Ramaphosa tot einde Augustus gegee om te reageer, wat nie gebeur het nie.

7.1.1 Identifiseer die tipe dispuut wat in die bogenoemde gedeelte aangedui word. (1)

7.1.2 Wat is die breë riglyne ingevolge artikel 41 van die Grondwet vir die hantering van die tipe dispuut wat in 7.1.1 geïdentifiseer is? (2)

7.2 Die koning van die Zoeloes, Misuzulu kaZwelithini, sal die opening van die KwaZulu-Natalse Provinsiale Huis van Tradisionele en Khoisan-leiers voorsit. Bongi Sithole-Moloi, LUR vir samewerkende regering en tradisionele sake in KwaZulu-Natal, het gesê dit is 'n belangrike gebeurtenis.

"Sy Majesteit sal die huis toespreek en leiding gee oor relevante kwessies wat amakhosi en die gemeenskappe onder hulle leiding raak," het sy gesê.

7.2.1 Definieer *tradisionele leierskap.* (1)

7.2.2 Verduidelik wanneer hoof- tradisionele leierskap van toepassing is. (2)

7.2.3 Noem DRIE redes waarom die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers gestig is. (3)

7.3 Misdaad in Suid-Afrika sluit alle gewelddadige en niegewelddadige misdade in wat in die land of binne sy jurisdiksie plaasvind. Diefstal is beslis 'n geleentheidsmisdaad, en een wat gereeld in hierdie tyd van die jaar toeneem.

Abel het om 11:30 met sy voertuig na ingang 2 van die winkelsentrum gery omdat hy voor FNB se middagete om 12:00 gehelp wou wees. Hy het haastig parkeer, die sleutel in die aansitter van 'n Toyota Legend 50 vergeet en die bestuurder se deur toegemaak sonder om dit te sluit.

7.3.1 Bespreek die volgende faktore wat teenwoordig moet wees voordat 'n misdaad kan plaasvind:

- Die begeerte om 'n misdaad te pleeg
- Die geleentheid om 'n misdaad te pleeg
- Kombinasie van 'n begeerte en geleentheid (3)

7.3.2 Noem DRIE ander algemene faktore wat bydra tot misdaad. (3)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 8

Bestudeer die gevallestudie en beantwoord dan die volgende vraag.

Jy is aangestel as hoof van opleiding en 'n lid van onderwys vir die nuutgestigte jeugliga van die XXX politieke party. Jou eerste taak is om die nuwe lede van die jeug op te voed oor die trias politica (drie arms) en drie sfere van regering. Met hierdie begrip sal hulle die funksionering van die regering beter kan verstaan.

Skep in tabelvorm 'n opsomming van een bladsy van die drie takke en drie sfere van regering, wat insluit:

- Die samestelling van elke regeringsfeer
- Die funksies van elke regeringsfeer
- 'n Voorbeeld van elke regeringsfeer
- Funksies van elke arm van die regering **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou